NEDERDUITSE GEREFORMEERDE GEMEENTE WARMBAD-WES

Leraars: Ds TR Kriek Tel (014) 736 2730/Sel 083 273 9386
E-pos: trkriek@lantic.net
Ds WA Potgieter Tel (014) 736 2691/Sel 082 9232070
E-pos: williewerkie007@gmail.com
Saakgelastigde: Mev EW Celliers Tel/faks (014) 736 2767
E-pos: ngkwbwes@lantic.net

Posbus 113
WARMBAD
0480

24 Maart 2020

KENNISGEWING AAN LIDMATE

Geliefde broer en suster

Die dagbestuur het vanoggend vergader en verder besin oor die voortgang van die gemeentelike aktiwiteite in die lig van die verdere maatreëls wat gister aangekondig is wat volg op die noodtoestand wat die president vroeër aangekondig het vanweë die Koronavirus. Dit het ingrypende implikasies vir almal in die land, vir ons gemeente en elke individu. Ons lê ons neer by die maatreëls wat die owerheid getref het om ook ons deel te doen om nie die virus op te doen en dan moontlik ander mense aan te steek nie.

In die lig hiervan sal daar van Sondag af tot verdere kennisgewing geen eredienste gehou word nie – dus ook nie op Goeie Vrydag nie. Dit is seker die eerste keer in die meer as vyftig jaar van die gemeente se bestaan dat die kerkklok Sondag nie die naderende erediens sal aankondig nie. Dit is inderdaad hartseer, maar dit geskied om verdere harsteer van ’n ander aard te voorkom.

Die *staat van nasionale inperking* vanaf Donderdag middernag, het ook implikasies vir die leraars en personeel van die gemeente. Ons val nie onder noodsaaklike dienste nie en dus is ons ook beperk tot ons huise. Dit het nie vir die volgende twee weke implikasies vir huisbesoek nie, maar hospitaal- en siekebesoek sal nie kan plaasvind nie. As leraars is ons egter beskikbaar om per telefoon te kommunikeer met enige een wat behoefte daartoe het. Neem vrymoedigheid om met ons kontak te maak as daar nood of ook blydskap is.

Ons sal verdere kommumikasie voer d.m.v. ons Facebookblad (NG Gemeente Warmbad-Wes) en ons webwerf (www.warmbadwes.co.za), aangesien briewe van hierdie aard nie meer vanuit die kantoor gestuur sal kan word nie. Ons sal daar die reëlings aankondig oor hoe te werk gegaan moet word om na boodskappe te luister en te kyk wat ons sal opneem.

Ons verkeer in omstandighede wat ons vroeër nog nie ervaar het nie. Maar ons weet mos wat Dawid in Psalm 23:4 sê: **“Selfs al gaan ek deur donker dieptes, sal ek nie bang wees nie, want U is by my. In u hande is ek veilig.”** As gelowiges het ons ‘n anker om aan vas te hou en selfs as ons te swak is om aan Hom vas te hou, hou Hy ons steeds vas. Laat ons die oë gevestig hou op Jesus Christus, die Begin en Voleinder van die geloof (Hebreërs 12:2). Ons moet ook in hierdie lydenstyd wat

‘n dieptepunt bereik met Goeie Vrydag, dink aan die groot prys wat Hy vir ons betaal het. Met Paasfees kan ons weer juig as ons die opstanding van Jesus Christus uit die dood feestellik vier – al is dit tuis by die huis.

Laat ons ook vir mekaar bid om staande te kan bly in hierdie moeilike omstandighede. Sommige van ons lidmate word baie hard getref weens ’n gebrek aan inkomste. Kom ons vertrou biddend op die Here dat Hy ons veilig sal bewaar en uitkoms sal gee. Kom ons wees lief vir God en vir mekaar!

Met seënwense

(DS) TR KRIEK
VOORSITTER: KERKRAAD